

Die Hand Aan Die Ploeg Geslaan !!



Luk 9:62 En Jesus antwoord hom: Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan **en agtertoe kyk**, is geskik vir die koninkryk van God nie.

Die hand aan die ploeg geslaan.

Wanneer ons besluit om Jesus te volg as Sy dissipels, moet ons dit nie doen oor **dít** wat ons moontlik **uit Hom** gaan kry nie, maar oor **wie Jesus is** en **wat Hy vir ons gedoen het**, en wat ons vir Hom kan doen. Net soos die Here ook vir 'n Saulus op die Damaskus pad voor gekeer het. **Hand 9:6(b) Here, wat wil U hê moet ek doen ?** Dan die lieflike woorde van Jesus aan die blinde Bartiméüs in Jérigo; **Mark 10:51(b) "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen"**. Dan weer aan die seuns van Sebedéüs **Vers 36(b) Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen ?**

Ongelukkig is daar baie mense wat besluit om Jesus aan te neem as hul persoonlike Saligmaker en Hom te volg, maar by die eerste tekens van beproewing en stryd, kyk hulle agtertoe soos Lot se vrou en God word blameer. God versoek niemand nie en Hy sal ook nie toelaat dat ons bokant ons kragte versoek word nie.

Drie soorte mense: (1) Beweeglike, (2) Onbeweeglike, (3) Iemand wat andere motifeer om in beweging te kom.

Luk 9:57 En terwyl hulle op reis was, sê iemand op die pad vir Hom: Here, ek sal U volg, waar U ook mag gaan!

Luk 9:58 Toe sê Jesus vir hom: Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.

[Jy mag dalk jouself in 'n situasie bevind waar jy, net soos jou Saligmaker, geen plek sal hê waar jy jou hoof kan neerlê nie. Sal jy dan nog bereid wees om Hom te volg, of sal jy agtertoe kyk?]

Lasarus [Luk 16:19-31] Vers 20 En daar was 'n bedelaar wat vol swere voor die rykman se poort gelê het, melaatsheid was 'n verskriklike siekte hoogs aansteeklik en vernederend. 'n Melaatse mag dan ook nie binne 'n sekere afstand van mense kom nie. Sy aardse lewe was die van 'n uitgeworpe, siek en arm bedelaar. Hy het dan ook naby die vullishope van die stad gebly om van die afvalkos te kan oorleef. Rondloperhonde was sy enigste vriende wat sy swere gelêk het.

Spoedig was die rondloperhonde, na Lasarus se dood, met Engele vervang om hom weg te neem na 'n ewige pêrelblink goudstad in die derde hemel. Sy stukkende vodde is verruil vir 'n hemelse kleed, fyn linne. Opb 19:8

Lasarus se hand was aan die ploeg geslaan. Vir hom was daar geen agtertoe kyk nie. Lasarus beteken "Die Here is my helper".

Luk 9:59 En Hy sê aan 'n ander een: **Volg My.** Maar hy antwoord:

Here, laat my toe om eers my vader te gaan begrawe.
Luk 9:60 En Jesus sê vir hom: Laat die dooies hul eie dooies begrawe;
maar gaan jy en verkondig die koninkryk van God.

[Wanneer ons besluit het om Jesus te volg mag niks en niemand belang-
riker as HY wees nie. Is jy bereid om Hom in alle opsigte eerste te stel in
jou lewe?]

Luk 9:61 En 'n ander een het ook gesê: Here, ek sal U volg, maar laat
my eers toe om afskeid te neem van die wat in my huis is.

Luk 9:62 En Jesus antwoord hom: **Niemand wat sy hand aan die
ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van
God nie.**

Die werkwoord 'volg' in **vers 59** is in 'n **voortdurende tydsvorm**.
Dissipelskap is 'n **voortdurende oefening** waarin jy aanhou om die
Here Jesus te volg. Wanneer ons besluit het om Hom te volg, mag
NIKS ons laat besluit om agtertoe te kyk nie. Dit wat die oog nie gesien
en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie,
wat God berei het vir die wat Hom lief het. (1 Kor 2:9)

**Job se hand was aan die ploeg geslaan, vir hom was dit
geen agtertoe kyk nie !!**

Job 1:8 En die HERE vra vir die Satan: **Het jy ag gegee op my kneg
Job?** Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom
en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad.

Die vyf aanslae !

Job 1:14 kom 'n boodskapper na Job en sê: **Terwyl die beeste aan
ploeë was en die esels aan wei langs hulle,**

Job 1:15 het die Sabeërs 'n inval gedoen en dit weggeroof, en hulle het
die dienaars met die skerpte van die swaard verslaan; en net ek al-
leen het ontvlug om u dit te vertel. { 1 }

Job 1:16 Terwyl dié een nog spreek, kom daar 'n ander een en sê: **Die
vuur van God het van die hemel geval en gebrand onder die
kleinvee en onder die dienaars,** en dit het hulle verteer; en net
ek alleen het ontvlug om u dit te vertel. { 2 }

Job 1:17 Terwyl dié een nog spreek, kom daar 'n ander een en sê: Die
Chaldeërs het drie leërafdelings opgestel en **'n aanval op die
kamele gemaak en dit weggeroof, maar hulle het die die-
naars met die skerpte van die swaard verslaan;** en net ek al-
leen het ontvlug om u dit te vertel. { 3 }

Job 1:18 Terwyl dié een nog spreek, kom daar 'n ander een en sê: U

seuns en u dogters was besig om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer,

Job 1:19 toe daar meteens ‘n groot wind oor die woestyn kom wat die huis aan die vier hoeke gryp; en dit het op die jongmense geval, sodat hulle gesterf het; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel. { 4 }

Job 2:7 En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE, en hy het Job met bese swere getref, van sy voetsool tot sy skedel. { 5 }

[Die getal 5 is die getal van Genade = Die 5 wonde, Sy hande voete en sy.]

Job 2:8 En hy het vir hom ‘n potskerf geneem om hom daarmee te krap, terwyl hy in die as sit.

Job 2:9 Toe sê sy vrou vir hom: Volhard jy nog in jou vroomheid? Seën God, en sterf! (Job se vrou wou hom negatief beïnvloed om agtertoe te kyk, terwyl sy hand aan die ploeg was.)

Job 2:10 Maar hy antwoord haar: Soos ‘n dwaas praat, praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie.

Job 1:22 By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks onge-rymds toegeskrywe nie,

Om reguit en diep vore te ploeg vereis ons volle aandag. So moet ook Jesus Christus met onverdeeldheid van hart gedien word. Want Hy soek diegene, wie se harte onverdeeld op Hom gerig is.

Job roep uit! As my saailand my aanklaag en sy vore almal saam ween. (Job 31:38)

Mag ons saailand altyd vrugbaar wees, diep en reguit vore sonder enige aanklag.

Psa 126:5 Die wat met trane saai, sal met gejubel maai.

Psa 126:6 Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra.

Pred 11:6 Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie, en of altwee saam goed sal wees nie.

TOEWYDING !!

{ Dit is vir my goed om naby God te wees }

Psa 73:24 U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem.

Psa 73:25 Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.

Psa 73:26 Al beswyk my vlees en my hart—God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid.

Psa 73:27 Want kyk, die wat hulle ver van U af hou, vergaan; U roei almal uit wat van U afhoereer.

Psa 73:28 Maar wat my aangaan, **dit is vir my goed om naby God te wees**; in die Here HERE het ek my toevlug gestel, om al u werke te vertel.

Deur die eeue heen het baie gelowiges die heerlike seën van die nabyheid van ons Hemelse Vader geken. In Sy teenwoordigheid het hulle krag en sterkte ondervind. Daarom spreek die roerende taal van die digter so diep en innig tot ons as hy die **nabyheid** van die Here begeer. Nader, my God by U, steeds naderby. Al is daar ook 'n kruis nodig vir my. Dan sal my lied nog bly. Nader my God, by U, Nog nader by U ...

Die troosvolle gedagte is dat God toeganklik is vir die mens. **“Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees .”**

DIE ONOPHOUELIKE TOEWYDING VAN HENOG !!

Gen 5:21 Toe Henog vyf en sestig jaar oud was, het hy die vader van Metúsalag geword.

Gen 5:22 En Henog het ná die geboorte van Metúsalag nog **drie honderd jaar met God gewandel**. En hy het seuns en dogters gehad.

Gen 5:23 So was dan al die dae van Henog drie honderd vyf en sestig jaar.

Gen 5:24 En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem.

(Die naam Henog beteken **"Gewyde"**)

Die HAT woordeboek gee die woord **Toewyding** se betekenis aan as:

- (1) Jou tot beskikking stel.
- (2) In diens stel van.
- (3) Jou wy aan.
- (4) Oorgawe.

Henog het vir 300 jaar met God **gewandel**, afgesonder vir God en afgesonder van die wêreld.

Die Hebreeuse woord dan vir "Wandel" = **HALAK**. En beteken om op en af te stap.

- (1) Om te stap in God se teenwoordigheid.
- (2) Te stap in Sy krag, heerlikheid en salwing.
- (3) Dit beteken om bekend te wees, om op hoogte te wees, om in pas te kom met God.
- (4) Om met God te wandel (**HALAK**) moet jy bekend wees met God.

Vers 23: Henog het 365 jaar oud geword. So verwag die Here dat ons met hom sal wandel (Halak) onophoudelik regdeur die jaar. Vanaf 1 Januarie tot 31 Desember, 365 dae, onophoudelik elke jaar.

1Kor 7:35 Ek sê dit tot julle eie voordeel, nie om julle van jul vryheid te beroof nie, maar met die oog op 'n welvoeglike en **onafgebroke toewyding aan die Here.**

Die koordigter: Heerlik net te **wandel {Halak} met my Heer** x2, want Hy lei my voete reg op die steilste van die weg. **Heerlik net te wandel met my Heer.**

Vir Henog was dit dan 'n 300 jaar wandel met sy God, **die hand aan die ploeg geslaan**, geen agtertoe kyk nie en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem om die dood nie te sien nie.

Heb 11:5 Deur die geloof is **Henog** weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.

Tera en Abram trek uit Ur van die Chaldeërs !!

Gen 11:31 En Tera het sy seun Abram geneem en Lot, die seun van Haran, sy kleinseun, en Sarai, sy skoondogter, die vrou van sy seun Abram, en dié het saam met hulle uit **Ur van die Chaldeërs getrek om na die land Kanaän te gaan. En hulle het tot by Haran gekom en daar gaan woon.**

Gen 11:32 En die dae van Tera was twee honderd en vyf jaar, **en Tera het in Haran gesterwe.**

Tera, die vader van Abram, besluit om sy tentpenne uit te trek uit Ur van die Chaldeërs oppad na Kanaän, saam met Abram, Sarai en Lot.

(1) Ur is dan 'n sinnebeeld van die sondige wêreld wat die kind van God verlaat by die wedergeboorte oppad na Kanaän, 'n tipe van die Hemel. Ur beteken "Met pik gemessel" ons tydelike aardse lewe, want ons burgerskap is in die Hemel.

Heb 13:14 Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige.

Heb 11:10 Want hy (Abraham) het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Abraham se hand was aan die ploeg geslaan; met die oë gevestig op die verwagte Goudstad. Vir hom was dit nie agtertoe kyk nie !!

Baie stemme roep die mens hier op aarde toe, maar tussen hulle almal is daar ook die roepstem van God wat dringend en duidelik in elkeen se oor weerklink: "Kom trek weg na 'n beter land - kom Hemel toe."

Abraham was nooit 'n SETLAAR nie.

So het Abraham dan Ur sy geboorte land verlaat en 'n swerwer geword. Nooit het hy 'n vaste blyplek gehad of hom iewers gevestig nie. Hy wou

hom in Haran vestig die eerste plek waar die reisgeselskap aangekom het, maar God het gesê hy moet verder.

- (2) Tera die vader van Abram was 205 jaar oud en het in Haran gesterf. So is daar baie mense vandag, asook in die gryse verlede, wat net soos Tera, moeg geword het en hulle tentpenne in Haran ingeslaan het en nooit by Kanaän uitgekom nie. Hulle hand was aan die ploeg geslaan, maar het agtertoe gekyk na **UR** of **Sodom**, **soos die vrou van Lot [Luk 17:32]** Dink aan die vrou van Lot. **Mat 24:13** Maar wie **volhard tot die einde toe**, hy sal gered word. (Haran beteken bergagtig of bergbewoner.)

Spr 24:16 Want **sewe maal** val die regverdige **en staan weer op**, maar die goddelose struikel in die ongeluk.

Miga 7:8 Wees nie bly oor my nie, o my vyandin! **Al het ek geval, ek staan weer op**; al sit ek in duisternis, die **HERE** is 'n lig vir my.

- (3) **Gen 12:4 (b)** En Abram was vyf-en-sewentig jaar oud by sy vertrek uit Haran.

Vers 6: Bevind hy hom in **SIGEM** wat beteken skouer of nek. So was en is daar baie gelowiges wat by Haran verby beweeg het en hulle tentpenne by Sigem ingeslaan het. Hulle het moeg en mat geraak, wou nie meer hierdie goeie stryd stry nie, kon nie die beproewinge en versoekings deurstaan nie. So naby aan Kanaän !!

- (4) **Vers 8:** Het hy in Bet-el sy tent opgeslaan. **Bet-el** wat beteken **Huis van God**. In Bet-el kon hy die wonderlike uitsig oor die Jordaanvallei geniet, maar ook daar kon hy nie permanent bly nie. Hebron het volop water gehad iets kosbaar in 'n dorre landstreek, en prima gehalte druiwe het daar grgroei. In Berséba was daar nie minder as sewe fonteine nie. Maar Abram kon daar slegs altare bou, hyself moes voorwaarts beweeg.

In geneen van die gerieflike en aantreklike plekke was hy toegelaat om hom permanent te vestig of eie stad te bou nie, hy moes in tente woon sodat hy hom dadelik kon versit wanneer die stem van die Here hom so gelas. So is dit dan ook die kenmerk van 'n ware PELGRIM om nooit 'n setlaar te word nie. Gelowiges is tentbewoners, vreemdelinge en bywoners hier op aarde.

Psa 119:19 **Ek is 'n vreemdeling op die aarde**; verberg u gebooië nie vir my nie.

Heb 11:8 Deur die geloof het Abraham, **toe hy geroep is**, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.

Heb 11:9 Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos **in 'n vreemde land en in tente gewoon** met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.

Heb 11:10 **Want hy het die stad verwag wat fundamente het,** waarvan God die boumeester en oprigter is.

Heb 13:14 **Want ons het hier geen blywende stad nie,** maar ons soek die toekomstige.

Heb 12:22 Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, **die hemelse Jerusalem en tien duisende engele,**

Fil 3:20 **Want ons burgerskap is in die hemele,** van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,

Rigt 19:17 En toe hy sy oë opslaan, sien hy die reisiger op die plein van die stad, **en die ou man vra: Waar gaan u heen, en waar kom u vandaan?**

Vers 18 (b) En ek gaan na die huis van die Here;

Die liedere digter !

O hemelland, skoon hemelland,
Ek staan hier op 'n hoë rand,
Ek sien daar oor die glasse-see,
Paleise wat Hy my gaan gee;
Ek sien ook daardie goue strand,
My hemel-huis daar anderkant.



*Dit is die moeitewerd
om die hand aan die
ploeg te hou, en nie agtertoe te kyk nie.*

Daar is ongelukkig baie christene wat iewers langs die lewenspad gevestig geraak het en geestelik gestagneer het. Hulle het setlaars geword en is nie meer pelgrims nie. Stilstand het slegs agteruitgang tot gevolg.

In 1904 het William Borden besluit om nie sy ouers se welvarende besigheid oor te neem nie, maar om 'n sendeling te word. Hy skryf toe agter in sy Bybel "**No Reserves**". Na sy kweekskool opleiding, het hy by 'n paar vooraanstaande gemeentes aanbiedinge gekry om as prediker daar te dien, maar hy het dit nie eens oorweeg nie en skryf

agter in sy Bybel "**No Retreats**". Op pad na die sendingveld in China, doen hy aan in Egipte vir verdere opleiding. Daar doen hy Serebrale Menigitis op en sterf binne 'n maand. Baie van ons sou dink: "What a waste", maar kort voor sy afsterwe, skryf hy agter in sy Bybel "**No Regrets**".

Net soos wat Daniël in Babilon 'n Joodse balling was, maar nie van Babilon nie. Is die kind van God in die wêreld, maar nie van die wêreld nie.

In Lukas 17:32 sê Jesus: "*Dink aan die vrou van Lot*". Die engele van God het spesifiek opdrag gegee: "*Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie!*" (Genesis 19:17), maar "*Lot se vrou het omgekyk*" (Genesis 19:26). Sy kon haarself nie losmaak van die plesier, gemak en opwinding van die bouse stad nie. Selfs al is haar liggaam uit Sodom gesleep, het haar hart daar gebly en het sy met verlange en begeerte teruggekyk.

Die bevryding uit slawerny !

Exo 6:5 Daarom, sê aan die kinders van Israel: **Ek is die HERE, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei en julle red uit hulle slawerny**, en Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte;

Exo 7:1 En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees.

Daar kan geen diens aan God wees sonder afsondering van die wereld nie. In die een sin is die diens wel in die wêreld, en het Jesus dit in Sy Hoëpriesterlike gebed só uitgedruk; (**Joh 17:15 a**) "**Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie**" Die kinders van God moet dus hulle lig **in** hierdie donker wêreld laat skyn, en nie onder 'n bed of maatemmer nie. 'n Stad op 'n berg kan nie versteek word nie. Hoewel hulle geen kompromie met die wêreld mag aangaan nie, want vriend van die wêreld is vyand van God, geen wêreldgelykvormigheid nie. Die gedagte om sy volk van die wêreld en sonde los te maak, **word sewe keer** deur die Here aan Farao oorgedra; "**Laat my volk trek dat hulle My kan dien.**" Die rede waarom daar geen diens vir God in Egipte kon wees nie? Dit was die verkeerde plek, omdat daar geen voorskrifte vir sodanige diens in Egipte bestaan het nie. Dus moes die volk trek om aan **hulle** God te kan offer. Die kalf wat die Egiptenare aanbid, moet die volk aan hulle God offer.

In Egipte was die volk omring deur afgodediens, tempels en wêreldse plesier. Dit was 'n land van duisternis en die Here wou hulle eers uit daardie situasie uitred en weglei, voordat hulle Hom kon dien.

So ontvang ons dan ook presies dieselfde opdrag: **(2 Kor 6:17) " Gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here"** Afgesonder **van** die wereld (Egipte) en afgesonder **vir** Jesus Christus.

- (1) Egipte is dan 'n **sinnebeeld** van die sondige wêreld.
- (2) Farao van lucifer.
- (3) Moses van Jesus en middelaar tussen God en die volk van die Here.
- (4) Aäron 'n tipe van die Heilige Gees.
- (5) Kanaän die beloofde land, van die Hemel.

Toe God Sy volk Israel vir Sy diens uit Egipteland uitgelei het, het Hy vir Moses die tien gebooie, die twee tafels van die getuienis gegee, die eerste gebod waarvan lui: Ek is die Here jou God - jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld maak nie jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle dien nie, want Ek, die Here jou God is 'n jaloerse God (Deut 5:6-9)

Laat My volk trek dat hulle My kan dien,!

Exo 8:20 Verder het die HERE vir Moses gesê: Maak jou môre vroeg klaar en stel jou voor Farao—kyk, hy sal na die water toe uitgaan en sê vir hom: **So spreek die HERE: Laat my volk trek, dat hulle My kan dien.**

Vandag nog kom die duidelike bevel van God: "Laat My volk trek dat hulle My kan dien." God's mondstuk is weereens dan Sy getroue herders wat soos Moses vanouds hul verantwoordelikheid vir hul kudde besef. Dit is hulle wat moet waarsku as daar gevaar is. Soos uit die Heilige Woord van God. **Eseg 33:7** En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; **en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.**

Indien die mens ag slaan op die waarskuwing, sal hy lewe.

Eseg 33:8 As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; **maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.**

Eseg 33:9 Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer, **en hy hom nie bekeer van sy weg nie**, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered.

Dieselfde, maar baie ernstige vermaning vind ons dan ook van Paulus aan Timótheüs.

1Tim 4:16 Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit

te doen, sal jy jousef red sowel as die wat jou hoor.

Die bloedgewaste Bruid van Jesus is 'n Heilige Priesterdom, afgesonder vir haar Bruidegom en afgesonder van die wêreld (Egipte). Daar is dan nou geen **Agtertoe kyk nie haar hand is aan die ploeg geslaan.**

Jak4:4 Egbrekers en egbreeksters, **weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie?** Wie dan 'n vriend van die wêreld (**Egipte**) wil wees, word 'n vyand van God. [Geestelike owerspel.]

1Joh 2:15 Moenie die wêreld (**Egipte**) liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

1Joh 2:16 Want alles wat in die wêreld is die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe— is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

1Joh 2:17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

Uit die mond van Jeus self !

Luk 6:46 En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?

Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

So was, en is daar baie christene wat begin het, het uit 'Egipte' die wêreld van sonde, die **hand aan die ploeg geslaan**, maar nooit volhard tot die einde toe nie.

Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. Maar die wêreldgesinde oppervlakkige Christen, wat net soos 'n Farao nie die noodsaaklikheid van die afsondering van God's volk kan sien nie, en hom dus nie wil laat waarsku nie, sê vandag nog soos Farao aan die Israëliete gesê het:

"Gaan heen en offer aan julle God in die land! "

Exo 8:25 Toe laat Farao Moses en Aäron roep en sê: **Gaan heen, offer aan julle God in die land.**

Hedendaagse Predikers {Kussing-Profete} probeer die ware gelowiges wysmaak dat hy nog 'n goeie Christen kan wees al deel hy nog aan die

plesiere van die wêreld {Egipteland}. Vandag is dit nog dieselfde goddelose wêreld waarmee die kind van God te doen het, en hy kan nie in die gemeenskap met die wêreldling d.w.s. 'in die land', {die Egipteland van sonde, waaruit God hom verlos het} die Here dien nie.

God Vermaan

Psm 1:1 Welgeluksalig is die man **wat nie wandel** in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars **en nie sit in die kring van die spotters nie;**

Psm 1:2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.

Psm 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

Psm 1:4 So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi.

Psm 1:5 Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie.

Psm 1:6 Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.

Dan weer !

2Kor 6:14 Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter **deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid**, en watter gemeenskap **het die lig met die duisternis?**

2Kor 6:15 En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, **of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?**

2Kor 6:17 Daarom, **gaan onder hulle uit en sonder julle af**, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

Efes 2:1 En julle het Hy lewend gemaak, **wat dood was deur die misdade en die sondes**

Efes 2:2 waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,

Efes 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

Dit is so waar wat die koordigter sê: "Die Here wat ek dien, Hy is so wonderbaar. Hy haal my uit die dode en Hy sit my in die lewe. "

Dood was ek deur my sonde en ongeregtigheid, maar is nou 'n nuwe lewe in Christus. (2Kor 5:17) 'n Nuwe skepsel. Die ou dinge het verby gegaan.

Aan die hedendaagse kussing-Profete wat wil hê dat die Christen **'in die land Egipte'** aan hulle God moet offer, moet ons die besliste antwoord gee:

“Dit is nie reg om so te maak nie !”

Eseg 44:23 En hulle moet my volk die onderskeid leer tussen wat **heilig en onheilig is**, en hulle bekend maak die onderskeid tussen wat **onrein en rein is**.

Uit bovermelde skrifgedeelte is dit duidelik wat die Here van die Geestelike herders (Predikers) verwag. So moet die volk dan opgevoed word in die vrese van God, en hul leer dat God 'n onverdeelde hart en aanbidding vereis, **en dat Hy sekerlik nie Sy eer en aanbidding**, met die plesiergod van die vors van die duisternis, die god van hierdie wêreld, sal deel nie.

Jer 23:22 Maar as hulle in my raad gestaan het, moet hulle my volk my woorde laat hoor **en hulle terugbring van hul verkeerde weg** en van die boosheid van hul handeling.

1Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle **gees en siel en liggaam (3 ledig) geheel** en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

2Kor 7:1 Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, **laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig**, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.

Sonde moet geïdentifiseer word in die huis van God, by die naam genoem word volgens:

Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;

Gal 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;

Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, **dat die wat**

sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

1 Kor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensdieners of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers **sal die koninkryk van God beërwe nie.**

Want wat ons aan die HERE onse God offer, is 'n gruwel vir die Egiptenaars.

Exo 8:26 Maar Moses antwoord: Dit is nie reg om so te doen nie; **want wat ons aan die HERE onse God offer, is 'n gruwel vir die Egiptenaars.** As ons iets wat 'n gruwel is vir die Egiptenaars, voor hulle oë offer, sal hulle ons dan nie stenig nie?

Ons is dankbaar teenoor die Here vir geestelike predikers wat nog soos 'n Moses, 'n getroue gesant van God is en wat vir die Farao, die god van hierdie wêreld en vir die wêreldgesinde Christendom beslis kan sê: **"Dit is nie reg om so te maak nie, want wat ons aan die HERE onse God offer, is 'n gruwel vir die Egiptenaars."**

Die ware skriftuurlike aanbidding van God in '**Gees en in waarheid**' is nog vir vandag en sal altyd vir die 'Egiptenare', die onbekeerdes en wêreldlinge 'n gruwel wees. Daarom skryf die Apostel Paulus van hulle .

1Kor 2:14 Maar die **natuurlike mens** neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, **en hy kan dit nie verstaan nie**, omdat dit geestelik beoordeel word.

1Kor 2:15 Maar die **geestelike mens** beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie.

1Kor 2:16 Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus.

Terwyl dus die ware gelowige, indien hy sy gemeenskap met God deur die Heilige Gees, ongestoord en suiwer wil bewaar, hom genoodsaak voel om die plesier van die wêreld te verafsku en hom voor sy God verootmoedig. Die Israeliete moes egter die kalf aan hulle God offer, nie 'n offerande ter ere van 'n kalf bring soos die Egiptenare nie.

Aangesien die verkondiging van die **Volle raad van God** (Hand 20:27) naamlik bekering, belydenis van sondes, doop (wederge-boorte), die doping in die Heilige Gees, heiligmaking en die wegvoering van die Bruid van Christus, verseker vandag nog vir die '**Egiptenare**', die

wêreldgesinde, lou Christendom 'n bespotting is.

Joh 17:14 Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

Joh 17:15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.

Joh 17:16 Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

Ons Here Jesus Christus het dan ook hierdie onvermydelike vervolging verduur en Hy kan dus Sy volgelinge bemoedig met die woorde:

Joh 15:18 As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het.

Joh 15:19 As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle.

2Tim 3:11 vervolginge, lyding, soos my te beurt geval het in Antiochië, in Ikónium, in Listre. Watter vervolginge het ek nie al verdra nie! En die Here het my uit almal verlos.

2Tim 3:12 En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgt word.

1Pet 4:3 Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye.

1Pet 4:4 **Daarom vind hulle dit vreemd as julle nie saamloop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster.**

Moses het egter besef dat hulle God **nie** in die land "**Egipte**" sou kon dien, soos Hy van hulle verwag nie en die volgende versoek aan Faraó gerig.

Laat ons drie dagreise ver die woestyn intrek !!

Exo 8:27 Laat ons **drie dagreise** ver die woestyn intrek, dat ons aan die HERE onse God kan offer soos Hy ons sal beveel.

As die aardse volk van God onder die ou verbond hulle van die Egiptenare moes afsonder om God opreg te kon dien, hoeveel te meer roep die Here ons nie in die nuwe verbond uit tot Heiligmaking nie.

Die getal drie in die Bybel is dan die getal van die Goddelike DRIE --- EENHEID asook die drieledigheid van die mens, gees siel en liggaam. Die **orde** van God se saligheidsplan vir die mens is dan soos volg.

Hand 2:38 En Petrus sê vir hulle: (1) **Bekeer julle**, en laat elkeen van julle **gedoop word** (2) in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, **en die heiligmaking** (3) waarsonder niemand die Here sal sien nie;

Jesus was **eers** Gekruisig (1), deurboor vir ons oortredinge. {Jesus het dan by verskeie geleenthede gewaarsku: "**Bekeer julle** van julle verkeerde weë."} Ons moet dus sterf, dood wees, vir die sonde en die plesiere van die wêreld. **Die tweede dag was Jesus in die graf**. Net so moet ons dan ook die ou lewe **begrawe** (2) deur die DOOP volgens Rom 6:4.

Rom 6:4 **Ons is dus saam met Hom begrawe** (2) **deur die doop in die dood**, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, **ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel**. (3) "**Heiligmaking**" (Die hand is aan die ploeg geslaan, geen agtertoe kyk nie.)

2Kor 6:17 Daarom, **gaan onder hulle uit en sonder julle af**, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

2Kor 7:1 Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die **vlees en die gees reinig**, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.

Dan weer dieselfde vereiste vir Heiligmaking !

1Thes 5:22 Onthou julle van elke vorm van kwaad.

1Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle **volkome heilig maak**, en mag julle **gees en siel en liggaam (3 ledig)** geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

Bogenoemde "**Drie dagreise**" in die nuwe verbond is 'n sinnebeeld van die dood, begrafnis en opstanding van Jesus, asook van ons bekeering, doop en heiligmaking. [Hand 2:38] AMEN x3 !!!

{Die **doop van Jesus** is dan 'n sinnebeeld van **Sy** dood, begrafnis en opstanding. Matt 3:13-17}

Soos Farao eger aan Moses wat "drie dagreise ver" die woestyn wou intrek, om die nodige afsondering vir die diens van God te verkry, gesê het, sê die wêreld en helaas die godsdienstige wêreld vandag nog vir

die ware Christen, **die wie se hand aan die ploeg geslaan is:**

“Moet maar net nie te vêr wegtrek nie !!”

Exo 8:28 Toe sê Farao: Ek sal julle laat trek, dat julle aan die HERE julle God kan offer in die woestyn; **julle moet maar net nie te ver wegtrek nie.** Bid vir my.

Ja, die Christen kan maar sy God dien, jy moet net nie so nougeset wandel en te eng wees nie, jy moet nie so ernstig wees met jou Godsdiens nie. **Dit is die mees algemene leuen wat die duiwel gebruik** vir dié wie se hand aan die ploeg geslaan is, en na die volmaaktheid deur beweeg. {“Jy sal in ‘n Bybelstryd gewikkel raak.” Wat ‘n klug!!!}

Kol 3:16 Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid.

Hand 17:11 en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.

Psa 119:97 Hoe lief het ek u wet; **dit is my bepeinsing die hele dag.**

Termometer of Termostaat Christene !!

Baie Christene reageer soos 'n **termometer**. Die temperatuur styg as dit warm is en daal as dit koud word. Sommige Christene kan so maklik warm word by 'n byeenkoms. Hulle sing en bid saam en kom besonder geestelik voor. As hulle hul egter 'n dag later tussen die sondaars bevind, daal die kwik van hulle geloof na die peil van die wêreld af. **Termometer - Christene** wat hul geloof aanpas by omstandighede.

Gelowiges behoort eerder soos 'n **termostaat te funksioneer**. Die termostaat pas hom nie by sy omgewing aan nie, maar reël juis sy temperatuur. **Termostaat gelowiges** behoort die hitte van hul omgewing te bepaal. Dit sal kritiek of selfs haat uitlok. So 'n soort vervolging is dan 'n teken van ware en egte dissipelskap.

Luk 6:22 Salig is julle wanneer die mense julle haat, en wanneer hulle julle verstoot en beledig en jul naam weggooi soos iets wat sleg is, ter wille van die Seun van die mens.

Luk 6:23 Wees bly in daardie dag en spring op, want kyk, julle loon is groot in die hemel, want hulle vaders het net so aan die profete gedoen.

So ver wag die Here dat die gelowiges **"Moet vêr wegtrek"** na 'n meer uitnemender weg wat Hy ons sal wys, vir ons onbekende hoogtes laat bereik soos 'n seder op die Libanon ons laat uittroon. Soos 'n boom

geplant by water strome waarvan die blare nie sal verwelk nie, en sy vrugte gee op sy tyd, ons geestelike wortels onpeilbare dieptes kan bereik (Psm 1) . 'n Oewer gewas geplant by waterstrome ons ranke laat rank. In die sfere sal in beweeg soos dit God welbehaaglik sal wees. En ons geestelike vooruitgang duidelik sigbaar sal wees.

Efes 6:10 Eindelik, my broeders, **word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.**

1Kor 16:13 Waak, staan in die geloof, **wees manlik, wees sterk.**
(Jou hand is aan die ploeg geslaan! Agtertoe kyk na Egipte? **NOOIT!**)

Die koordigter !

"Steek af, steek af waar dieptes is. Verlaat die vlakke kus. **Seil uit, seil uit na die Goddelike see. Daar waar God's volheid woon."**

Eseg 47:3 Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetsnoer in sy hand, het hy duisend el gemeet; en hy het my deur die waters laat deurgaang—**waters tot aan die enkels.**

Eseg 47:4 Toe het hy nog duisend gemeet en my deur die waters laat deurgaang—**waters tot aan die knieë;** en hy het nog duisend gemeet en my laat deurgaang—**waters tot aan die heupe.**

Eseg 47:5 Verder het hy nog duisend gemeet—'n stroom wat ek nie kon deurgaang nie! Want die waters het opgerys—**waters om in te swem,** 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie.

Daar is diepere dieptes vir die kind van God hoe verder ons weg beweeg van Egipte oppad na Kanaän "Die Hemelse Goudstad" ons ewige tuiste.

- (1) Duisend EL [1000] waters gemeet tot by die Enkels. Vers 3.
- (2) Nog 'n duisend EL [2000] gemeet tot by die Knieë. Vers 4.
- (3) Nog 'n duisend EL [3000] gemeet tot by die Heupe. Vers 4.
- (4) Nog 'n duisend EL [4000] gemeet waters om in te Swem, Vers 4.

Laat ons, ons geestelik beywer om ver weg te trek na die 4000 EL Heilige waters daar waar God's volheid woon. Agter die koraalriwwe by die skatte van ons Hemelse Vader. Die diepere dieptes soos Paulus se versoek aan die Gemeente van Kolosse.

Kol 3:16 **Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid.** Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.

Ps 119:11 Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal son-

dig nie.

Soos Faraó geweet het dat as die volk nie te ver wegtrek nie hy hulle kan agterna sit en terug bring, weet **'die god van hierdie wereld'** dat daar nog altyd 'n kans is om 'n gelowige, **wat hom nie afskei van die wêreldpleiere en gemeenskap van die wêreld nie**, onder sy heerskappy sal terugvoer na Egipte. Terwyl dit vir hom baie moeiliker sal wees om die nougesette gelowige terug te wen.

Dan net soos Faraó, wil die 'god van hierdie wêreld' nie alleen keer dat die gelowiges te ver wegtrek nie, **hy wil ook die jongmense in sy mag behou.**

Hoe die jeug geniet moet word !

Pred 11:9 Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; **maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.**

Pred 12:1 En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie—

2Tim 2:22 Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede, saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep.

Psa 119:9 Bet. Waarmee sal **die jongeling** sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord.

Maar Moses, 'n tipe van Jesus en middelaar tussen die volk en God, kon aan Faraó sê:

**“Ons wil gaan met ons jongmense en ons ou mense....
want ons wil 'n fees vir die Here hou !!”**

Exo 10:9 En Moses antwoord: **Ons wil gaan met ons jong mense en ons ou mense, met ons seuns en ons dogters;** met ons kleinvee en ons beeste wil ons gaan, want ons wil 'n fees vir die HERE hou.

Net soos die volk van God nie in Egipteland kon bly nie omdat hulle nie aan hulself behoort nie, maar aan God behoort het, kan die gelowiges, God's geestelike volk, die Liggaam, die Bruid van Jesus Christus,

ook nie in die Egipteland (wêreld) van sonde bly nie.

Paulus skryf dan ook aan die gelowiges:

1Kor 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, **en dat julle nie aan juiself behoort nie?**

1Kor 6:20 **Want julle is duur gekoop.** Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

God soek daardie duidelike onderskeid !

Male 3:18 Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie.

Jy moet dit jou kinders inskerp !

Deut 6:7 en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis **sit** en as jy op **pad** is en as jy gaan **lê** en as jy **opstaan**.

In die gryse ouderdom !

Psm 92:14 **In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees,**

Die Here soek vandag geestelike leiers wat die volk in alle waarheid moet lei, wat net soos 'n Moses geen kompromie van 'Farao' die god van hierdie wêreld sal aangaan nie. Nie in die gehoor sal streef nie maar gunsgenote van God sal wees, en God welbehaaglik sal wees. Vir die volk duidelik deurgee tussen rein en onrein, tussen Heilig en onheilig.

Jeremia !

Jer 23:14 maar by die profete (Predikers) van Jerusalem het Ek gesien wat afskuwelik is: hulle bedryf owerspel (Driehoek- verhoudings) en gaan om met leuens, **en hulle versterk die hande van die kwaaddoeners, sodat hulle hul nie bekeer elkeen van sy boosheid nie** (Die sonde word nie geïdentifiseer nie) Hulle het almal vir My geword soos Sodom, en sy inwoners soos Gomorra.

Jer 23:17 Hulle sê gedurig aan my veragters: (Die sondaars) **Die HERE het gespreek: Julle sal vrede hê; en aan elkeen wat wandel in die verharding van sy hart, sê hulle: Geen onheil sal oor julle kom nie.** (Kussing Profete wat streef in die gehoor.)

Jer 23:21 **Ek het die profete nie gestuur nie,** (Dit is 'n beroep! Nie

deur God geroep nie) **tog het hulle geloop**; Ek het nie met hulle gespreek nie, tog het hulle geprofeteer.

Jer 23:22 Maar as hulle in my raad gestaan het, moet hulle my volk my woorde laat hoor en hulle terugbring van hul verkeerde weg en van die boosheid van hul handeling.

Dan 4:27 Daarom, o koning, laat my raad u welgevallig wees en breek met u sonde (Daniël aan koning Nebukadnésar)

Joh 8:32 En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

En as Farao dan antwoord: Mag die Here so met julle wees as wat ek julle en julle kinders sal laat trek!

Pas op, want julle het 'n verkeerde ding voor oë !

Exo 10:10 Toe sê hy vir hulle: Mag die HERE só met julle wees as wat ek julle en julle kinders sal laat trek! **Pas op, want julle het 'n verkeerde ding voor oë.**

Gaan dan julle manne en dien die Here want dit was jul begeerte, onverskrokke soos Moses van ouds, ook hierdie kompromie van die wêreldheerser, die god van hierdie wêreld kan verwerp, waar hy soos 'n Farao hul wil wysmaak dat hulle 'n verkeerde ding voor oë het, om te verwag dat die jongmense saam met die ou mense uit die wêreld, 'Egipteland' van sonde sal uittrek om God alleen te aanbid. En Hom in Gees en Waarheid te dien.

So is daar dan ook baie mense wat geen belangstelling het in die saligheidsplan van God nie, en vir die wat Jesus wel wil aan neem as hul persoonlike Saligmaker, word genoemde uitlating gemaak: "Pas op, want julle het 'n verkeerde ding voor oë".

Die Fariseërs en die Wetgeleerdes !

Luk 7:30 Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes **het die raad van God aangaande hulle verwerp** deur hulle nie deur hom te laat doop nie.

Luk 11:52 Wee julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem; **self het julle nie ingegaan nie, en vir die wat wou ingaan, het julle verhinder.**

(Hulle roep dan uit net soos 'n Farao ! Pas op, want julle het 'n verkeerde ding voor oë.)

Mat 23:13 Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, **want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense**; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie.

Mat 23:15 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; **en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self.** {Pas op, want julle het 'n verkeerde ding voor oë}

1Pet 4:3 Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in **ongebondenheid, begerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye.**

1Pet 4:4 **Daarom vind hulle dit vreemd** as julle nie saamloop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster. (Pas op! Want julle het 'n verkeerde ding voor oë! - Net soos 'n Farao.)

Luk 9:62 En Jesus antwoord hom: **Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.**



Voorwaarts Christenstryders, hewig is die stryd, **hou die oog op Jesus**, Hy gaan voor ons uit.

Daar mag geen klou agterbly nie !

Exo 10:26 En ons vee moet ook met ons saamgaan: **daar mag geen klou agterbly nie!** Want daarvan moet ons neem om die HERE onse God te dien. En ons weet nie waarmee ons die HERE onse God sal dien voordat ons daar kom nie.

Moses se boodskap aan Farao is dan baie duidelik, dat **niks** in Egipte mag agterbly nie, want dit moet aan die Here hul God geoffer word. "Daar mag geen klou agterbly nie."

Exo 12:40 En die tyd wat die kinders van Israel in Egipte gewoon het, was **vier honderd en dertig jaar.**

Exo 12:41 En ná verloop van **vier honderd en dertig jaar**, op daardie selfde dag, het al die leërskare van die HERE uit Egipteland uitgetrek.

Exo 12:37 En die kinders van Israel het van Raämses na Sukkot weggetrek, **omtrent ses honderd duisend te voet, die manne buiten die kinders.**

Net so was dit ook in baie gelowiges se lewe, dié wie se tentpenne vir baie jare in Egipte ingeslaan was en besluit het dat dit is nou tyd om te trek - **daar mag geen klou in Egipte agterbly nie.** (Die hand is aan die ploeg geslaan, geen agtertoe kyk nie.)

Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, **dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer** dit is julle redelike godsdiens.

Rom 12:2 **En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie,** maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. (Die slawerny van sonde het in 'Egipte' agter gebly. Ons oë is nou gevestig op die Hemelse Kanaän. Hierdie wereld is ons tuiste nie.)

Rom 6:1 Wat sal ons dan sê? **Sal ons in die sonde bly,** dat die genade meer kan word?

Rom 6:2 **Nee, stellig nie!** Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

1Kor 10:21 Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die diuwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die diuwels nie.

Die eerste beginsels van Egipte !

Kol 2:20 As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld **{Egipte}** afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge

Kol 2:21 soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? —

Kol 2:22 **almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan**—volgens die gebooie en leringe van mense,

Kol 2:23 wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, **in eiesinnige godsdiens** en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, **geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees.**

Moet Egipte nie liefhê nie !

1Joh 2:15 **Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld {Egipte} is nie.** As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

1Joh 2:16 Want alles wat in die wêreld {Egipte} is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, **maar is uit die wêreld.**

1Joh 2:17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat

die wil van God doen, bly vir ewig. { Daar mag geen klou agter bly nie, dit mag 'n neiging veroorsaak om agtertoe te kyk. }

Want julle is duur gekoop !

1Kor 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie?

1Kor6:20 **Want julle is duur gekoop.** Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

Die wedloop in die woestyn, vanaf Egipte na Kanaän !!

Elke gelowige 'PELGRIM-REISIGER' is in 'n wedloop gewikkel, en daar is reëls waarvolgens gewedywer moet word. **Indien ons nie volgens die reëls wedywer nie kan ons gediskwalifiseer word.**

2Tim 2:5 En verder, as iemand aan 'n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie.

Heb 12:1 Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, **en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,**

Psm 34:19 Resj. **Menigvuldig is die teespoede van die regverdige, maar uit dié almal red die HERE hom.**

Korag, Datan en Abiram kom in opstand teen Moses en Aäron.

Num 16:1 En **Korag**, die seun van Jishar, die seun van Kehat, die seun van Levi, saam met **Datan en Abíram**, seuns van Eliab, en On,

Num 16:2 en hulle het **opgestaan voor die oë van Moses** saam met **twee honderd en vyftig man** uit **die kinders van Israel**, owerstes van die vergadering, manne wat opgeroep was vir die volksvergadering, **manne van naam.**

Num 16:3 En hulle het **bymekaargekom teen Moses en Aäron** en aan hulle gesê: **Dit is nou genoeg; want die hele vergadering, hulle almal, is heilig;** en die HERE is in hulle midde! **Waarom verhef julle jul dan oor die vergadering van die HERE?**

Num 16:12 En **Moses** het gestuur om **Datan en Abíram**, die seuns van Eliab, te laat roep; maar hulle het gesê: **Ons sal nie opkom nie.**

Num 16:13 **Is dit nie genoeg dat jy ons uit 'n land (Egipte) wat oorloop van melk en heuning laat optrek het om ons in die woestyn om te bring, dat jy ook gedurig oor ons die baas wil**

speel nie? (Dit is 'n 'agtertoe' kyk na Egipte, die hand was aan die ploeg geslaan.)

Num 16:14 Ook het jy ons **nie gebring** in 'n land wat **oorloop van melk en heuning** en aan ons **geen lande** en **wingerde** as erfdeel gegee nie. Wil jy die oë van hierdie manne uitgrawe? **Ons sal nie opkom nie.**

Num 16:15 Toe het **Moses** baie kwaad geword, en hy het aan die HERE gesê: Sien hulle offer nie aan nie. **Ek het nie een esel van hulle geneem en nie een van hulle kwaad aangedoen nie.**

Num 16:16 Verder het **Moses** vir **Korag** gesê: **Jy en jou hele bende, sorg dat julle môre voor die aangesig van die HERE is, jy en hulle en Aäron.**

Num 16:19 En **Korag** het die **hele vergadering** teen hulle bymekaar laat kom by die ingang van die tent van samekoms. **Toe verskyn die heerlijkheid van die HERE aan die hele vergadering.**

Num 16:20 En die HERE het met **Moses** en **Aäron** gespreek en gesê:

Num 16:21 **Skei julle af van hierdie vergadering, en Ek sal hulle in 'n oomblik verteer.**

Num 16:24 Spreek met die vergadering en sê: **Maak dat julle wegkom rondom die woning van Korag, Datan en Abíram!**

Num 16:25 Toe het **Moses** opgestaan en na **Datan** en **Abíram** gegaan, en die oudstes van Israel het agter hom aan gegaan.

Num 16:30 Maar as die HERE iets nuuts skep en die grond sy mond oopmaak en hulle verslind met alles wat aan hulle behoort, en hulle **lewendig na die doderyk afdaal**, dan sal julle weet dat hierdie manne die HERE verag het.

Num 16:31 En toe hy al hierdie woorde klaar gespreek het, **skeur die grond wat onder hulle was,**

Num 16:32 en **die aarde het sy mond oopgemaak en hulle verslind saam met hul huisgesinne en al die mense wat aan Korag behoort het en al die goed.**

Num 16:33 So het hulle dan met alles wat hulle s'n was, **lewendig na die doderyk afgedaal**; en die aarde het hulle oordek, en hulle het omgekom uit die vergadering.

Num 16:34 En die hele Israel wat rondom hulle was, het gevlug vir hulle geroep; want hulle het gesê: Dalk verslind die aarde ons!

Num 16:35 Toe het 'n **vuur van die HERE uitgegaan en die twee honderd en vyftig man verteer wat die reukwerk gebring het.**

Num 16:41 Maar die volgende dag het die hele vergadering van die kinders van Israel teen **Moses** en **Aäron** gemurmureer en gesê: **Julle het die volk van die HERE gedood.**

Num 16:44 het die HERE met **Moses** gespreek en gesê:

Num 16:45 **Trek julle terug uit hierdie vergadering, dat Ek**

hulle in 'n oomblik kan verteer. Toe val hulle op hul aangesig,
Num 16:48 En terwyl hy tussen **die dooies en die lewendes** staan,
het die plaag opgehou.

Num 16:49 En die wat deur **die plaag gesterf het**, was **veertien**
duisend sewe honderd, **buiten die wat gesterf het om Korag**
se ontwil.

In vers 35 lees ons van **250 man wat verteer is** en in vers 49 van
14,700 dit gee ons 'n totaal van **14,950**, plus Korag, Datan en
Abiram wat in die doderyk afgedaal het weens hul opstan-
digheid teen God en sy diensknegte.

WAT 'N BOSE GESLAG VAN 40 JAAR !!!

Heb 3:17 En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was
dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn
geval het nie?

Luk 9:62 En Jesus antwoord hom: Niemand wat sy hand
aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die
koninkryk van God nie.

Bewys die hoogste agting aan die ware voorgangers !!

1Thes 5:12 Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei
en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; (Die
Predikers !)

1Thes 5:13 en bewys hulle in liefde **die hoogste agting ter wille van**
hulle werk. Hou vrede onder mekaar.

Heb 13:7 **Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan**
julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewens-wandel
en volg hulle geloof na.

Heb 13:8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewig-
heid.

Heb 13:9 **Moenie rondgeslinger word deur allerhande en**
vreemde leringe nie;

Heb 13:17 **Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onder-**
danig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet
gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie;
want dit is vir julle nie nuttig nie. { **Dink aan Korag, Datan en**
Abiram. Num:16 }

Hulle, dié wie se hand aan die ploeg geslaan was, en agtertoe gekyk het !

(1) Saul !

Hy het in spiritualisme verval.

1Sam 28:8 Daarop het Saul hom onkenbaar gemaak en ander klere aangetrek en weggegaan, hy en twee manne saam met hom. En toe hulle in die nag by die vrou aankom, **sê hy: Voorspel tog vir my deur die gees van 'n afgestorwene en laat vir my opkom die een wat ek jou sal noem.**

God het die Heilige Gees van hom onttrek.

1Sam 16:14 Maar die Gees van die HERE het van Saul gewyk, en 'n blose gees, deur die HERE gestuur, het hom verskrik.

Saul sterf – 'n selfmoordenaar en vervloek deur God.

1Sam 31:4 En Saul het aan sy wapendraer gesê: Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, anders kom hierdie onbesnedenes en deurboor my en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was. Daarop neem Saul die swaard en val daarin.

1Kron 10:13 En Saul het gesterwe **(1) weens ontrou wat hy teen die HERE begaan het, (2) weens die woord van die HERE wat hy nie gehou het nie; (3) en ook omdat hy die gees van 'n afgestorwene om inligting gevra het,**

1Kron 10:14 maar die HERE nie geraadpleeg het nie. Daarom het Hy hom omgebring en die koningskap laat oorgaan op Dawid, die seun van Isai.

(2) **Baie volgelingen van Jesus:** - het Hom en Sy genade verlaat en Hom nie langer gevolg nie.

Joh 6:66 Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie.

Joh 6:67 Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie?

Hulle het net vir 'n rukkie geglo.

Mat 13:20 **by wie op rotsagtige plekke gesaai is** dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem;

Mat 13:21 maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik.

Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word {Dit is nie hulle wat begin nie !}

Duisende mense, deur die eeue heen, se hand was aan die PLOEG GESLAAN, maar net soos LOT se vrou het hulle AGTERTOE GEKYK. [Terug na Sodom en Egipte, die sonde en plesier van die wêreld] Luk 17:32 Dink aan die vrou van Lot!

(3) **Demas:** - 'n Prediker in die vroeë kerk.

Filemon 1:24 ook Markus, Aristárchus, **Demas** en Lukas, **my mede-arbeiders.**

2Tim 4:10 Want **Demas het my verlaat, omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het**, en het na Thessaloníka vertrek, Crescens na Galásië, Titus na Dalmásië.

Jak 4:4 **Egbrekers en egbreeksters**, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.

Demas het dus Geestelike owerspel gepleeg, en agtertoe gekyk.

(4) **Judas Iskariot:** - Toe Jesus vir Judas aangestel het, was daar niks met hom verkeerd nie.

Mar 3:14 En Hy het twaalf aangestel, sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek

Mar 3:19 en **Judas Iskariot**, hy wat Hom verraai het.

Satan het in Judas ingevaar teen die einde van Christus se bediening, wat bewys dat hy nie altyd maar 'n gesant van die duiwel was nie.

Luk 22:3 En die Satan het in Judas gevaar, wat Iskariot genoem word en wat uit die getal van die twaalf was.

"I have decided to follow Jesus, no turning back!"

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

DIE DEUR KAN SLEGS, VAN DIE BINNEKANT AF OOPGEMAAK WORD !!



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ **Psm 38:19(b)** Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom **oordeel**: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. \ Hand 17:30 God het dan die tye onkunde oorgesien.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –..... **maak jou klaar om jou God te ontmoet,**
"MARANATA" = JESUS KOM SPOEDIG TERUG !

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

